# 19 Januarie 2024 - Lesing 218 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Krag van die Woord **– 'n Heenwyse na die tyd van** ellende en droefenis **–** 30/8/61

**NO: 7979** Daar sal 'n tyd aanbreek waarin julle sal verstaan hoekom Ek My so ongewoon oor julle bekommer, **dat Ek regstreeks tot julle sal spreek**, ofskoon julle geestestoestand nog nie die rypheid bereik het wat 'n regstreekse toespreking sou kan motiveer nie.

Julle sal in buitengewone nood beland. My teenstander sal julle abnormaal in die noute bring en julle sal buitengewone krag in ontvangs moet neem om te kan standhou. En **hierdie krag sal julle kan put uit My Woord.** En dan sal die duidelike toestroming van My krag vir julle 'n versterking wees, omdat julle geloof ook steeds meer lewend sal word, as julle deur My aanspreking die bewys van My teenwoordigheid sal gewaarword.

Die tyd dring. En daarom sal julle ook 'n toenemende nood kan vasstel, wat deur slae van die noodlot en **katastrofes van allerlei aard** sal ontstaan. En die mense sal hulleself vertwyfelend afvra waartoe dit alles sal lei.

En dan sal julle, wat My Self sal hoor, **My Woord aan hulle laat toekom** en dit sal ook aangeneem word deur diegene wat nog nie heeltemal 'n prooi geword het van My teenstander nie. En dan sal julle weet waarom Ek julle so ongewoon aanspreek. Want dan sal julle die waarheid van alles insien. En julle sal ook My Liefde vir julle mense besef, wat nog 'n kort tydjie op aarde moet vertoef en jul proef moet aflê.

Maar die wêreld staan nog tussen julle en My. Julle oë is nog op die wêreld gerig en dit is moeilik vir julle om, om te skakel en julle op My te rig. Maar baie spoedig sal julle die waardeloosheid en onbestendigheid van hierdie wêreld besef. Julle sal baie spoedig uit julle rus geskud word en skielik voor 'n naderende onheil staan. En julle sal na 'n uitweg soek en geluksalig is hy wat redding vind by My. Geluksalig is hy wie homself tot My wend, homself aan My toevertrou en nou nie meer alleen gaan nie.

Want hulle sal daardeur heen gelei word, dikwels op die mees wonderbaarlike wyse, omdat daar net Een is Wie kan help in elke situasie van die lewe en omdat hierdie Een maar net aangeroep hoef te word om Homself ook helpend te kan bewys.

En dit is dan sy grootste wins, dat hy My Self gevind het. Want dan kan niks meer hom verskrik nie. Hy sal weet dat hy geborge is in my Vaderarms en Hierdie sal hul ook uitsprei oor almal wat hul gedagtes op My sal rig in elke nood. Sodra julle eenmaal ingesien het dat Een Vader tot julle spreek, sal julle jul ook na die Vader haas. En hierdie insig kan slegs My woord julle skenk.

Slegs My toespreking sal die geloof in julle sterk laat word in een God en Skepper, Wie julle Vader wil wees en aan Wie julle alleen maar julle liefde hoef te skenk om vir ewig gered te wees.

Want julle lewe op aarde gaan verby. Maar julle het nie net as gevolg van julle bestaan op aarde julle beliggaming as mens aanvaar nie. **Julle siel moet daardeur gaan en haarself waardig maak voordat sy die ryk kan binnegaan, wat haar ware vaderland is**.

En as julle hiervan op hoogte is, dan sal julle ook daarna streef om in die hoogste graad van rypheid die vaderland te betree. En daarom spreek Ek julle steeds weer toe, omdat die tyd ten einde loop, wat vir die aarde en al haar skeppings bepaal is.

Die tyd snel vinnig en julle sal groter pogings moet aanwend om julle nog te vervolmaak. Maar julle sal dit ook kan doen, want My gawe van Genade **- My Woord van bo - is 'n buitengewone hulpmiddel.** Dit het so 'n buitengewone kragtige werking, dat julle julleself binne 'n kort tyd sal kan vervolmaak, wanneer julle Sy Krag in julle harte sal laat binnestroom, wanneer julle **My Woord aandagtig lees en daarvolgens sal lewe**, wanneer julle maar julle beste sal doen om My Wil te vervul, wanneer julle in My glo **en aan My julle liefde skenk.**

Dan hoef julle waarlik nie 'n einde te vrees nie, wanneer dit ookal mag kom. Want dan gee julle julleself aan My as eiendom en waarlik, My Liefde en Mag sal julle beskerm en julle hoef die dood nie te vrees nie, want julle sal vir ewig lewe, soos wat Ek dit beloof het. Amein.